

20 Oktober

Skrifgedeelte: Matteus 6:5-15

Fokusgedeelte: Matteus 6:14

God vergewe, sodat óns kan vergewe

In Matteus 6:5-15 (wat deel van die Bergrede vorm) leer Jesus sy volgelinge meer oor die *gebed*, en vanaf vers 9 kry ons die voorbeeldgebed van Jesus. Die Onse Vader-gebed se essensie is God se heerskappy en ons menslike nood.

Die laaste drie bede vorm 'n eenheid. Hier word die grootste gemeenskaplike nood van die mens in sy daaglikse bestaan geteken. Ons is elke dag diep afhanklik van God vir ons lewensmiddele; ons kan slegs staande bly teen Satan se aanslae as God ons deur sy Gees toerus, en ons kan slegs vergewe omdat óns vergewe is.

God vergewe ons in Jesus Christus, sodat óns kan vergewe. Ons kan slegs bid om God se vergifnis as ons self bereid is om te vergewe. Die bidder pleit op sy kindskap van God, want in die vergewing van sy skuldenare dra die gelowige immers die merk van sy kindskap. Opregte vergifnis is alleen moontlik as ek beseft dat ek met God versoen is deur Jesus Christus. Eers as ek waarlik beseft hóé baie God my vergewe het, sal ek ook bereid wees om baie te vergewe.

Hierdie bede kan ons nie onnadenkend of maklik bid nie. Kyk ons eerlik in ons eie hart, dan weet ons hoeveel innerlike worsteling gaan dikwels ware vergifnis vooraf. Uit my menslike, sondige natuur vind ek dit natuurlik om te bly vasklou aan die kwaad wat aan my gedoen is; die onreg wat ek gely het; die seer wat iemand anders my aangedoen het. Deur ons weiering, ons onvermoë om te vergewe, sluit ons onself dikwels op in 'n eensame tronksel met hoë, ondeurdringbare mure. Onwilligheid om te vergewe wys dat daar nog iewers 'n kortsluiting in ons verhouding met Christus is.

Kom ons vra eerlik: Hoe vergewensgesind sou ek wees as my eie vergifnis by God afgehang het van die mate waarin ek ánder vergewe (vs 15)? Mag Paulus se woorde ook in ons harte leef: "Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle in Christus Jesus vergewe het" (Ef. 4:32).

Sing: Psalm 103:2 (Totius)

Ds. NG Laubscher (Emeritus)